

**BYLAAG "C"**

**SONOP CHRISTELIKE TEHUIS**

**DISSIPLINÊRE KODE**

**(1 SEPTEMBER 2012)**

## DISSIPLINERE KODE

### SONOP CHRISTELIKE TEHUIS

#### 1. INLEIDING :

- 1.1 Aangesien daar in die verblyfkontrak tussen die inwoners van Sonop Christelike Tehuis (“Sonop”) en die Sonopraad deur alle inwoners van Sonop (“Sonoppers”) toegestem word tot die Huis- en Ordereëls soos van tyd tot tyd neergelê deur die Sonopraad; en
- 1.2 Aangesien daar in die Memorandum van Ooreenkoms tussen die Universiteit van Pretoria (“UP”) en die Sonopraad met betrekking tot die deelname van Sonop aan UP se georganiseerde sosiale-, kultuur- en sportaktiwiteite die jurisdiksie geskep word vir beide die Universiteit en die Sonopraad om tug uit te oefen oor Sonoppers volgens die waardes en reëls wat deur die Sonopraad goedgekeur word, en aangesien die Universiteit by die verbreking van enige Universiteitsreël deur ’n Sonopper, en ingeval die Universiteit nie tevrede is dat die tugmaatreëls wat deur die Sonopraad toegepas is voldoende is nie, verdere tugstappe mag toepas na goeddunke van die Universiteit,
- 1.3 Geld nou derhalwe voortaan die volgende Dissiplinêre Kode waarkragtens alle dissiplinêre aangeleenthede hanteer sal word waarby Sonoppers betrokke is.

#### 2. DEFINISIES :

- 2.1 “**Koshuishoof**” beteken die Uitvoerende Koshuishoof (tans bekend as Bedryfsbestuurder) wat aangestel word deur die Sonopraad om die Sonopraad op die perseel van Sonop Christelike Tehuis te verteenwoordig.
- 2.2 “**Primarius**” beteken die Voorsitter van die Huiskomitee wat van tyd tot tyd wat op ’n demokratiese wyse deur die Sonoppers verkies word.
- 2.3 “**Huiskomitee**” beteken die Huiskomitee lede wat van tyd tot tyd op ’n demokratiese wyse deur Sonoppers verkies word om ingevolge die bevoegdheid wat deur die Sonopraad aan hulle opgelê word behulpzaam te wees om Sonop Christelike Tehuis te bestuur.

(WEERGAWE 1/4/2014)

- 2.4 “**Huiskomiteelid vir Dissipline**” beteken ’n betrokke Huiskomiteelid wat deur die Huiskomitee gekies word om dissiplinêre aangeleenthede in Sonop te hanteer.
- 2.5 “**Dissiplinêre Komitee**” beteken die interne tribunaal in Sonop wat belas is met die aanhoor van dissiplinêre aangeleenthede en die op lê van strawwe soos bepaal word hierin.
- 2.6 “**Sonopraad Dissiplinêre Komitee**” beteken die Dissiplinêre Komitee wat die Sonopraad aanstel om sensitiewe klagtes te hanteer soos uiteengesit word in klousule 14 hiervan.
- 2.7 “**Dissiplinêre Appèl Tribunaal**” beteken die Appèl Tribunaal waarheen appèlle kan plaasvind teen dissiplinêre bevindings en strawwe wat opgelê word deur die Dissiplinêre Komitee en die Sonopraad Dissiplinêre Komitee soos hierbo beskryf.
3. **TOEPASSING VAN DISSIPLINERE KODE :**
- 3.1 Alle Sonoppers is onderworpe aan die algemene dissiplinêre bepalings hierin vervat, en stem toe by ondertekening van hulle verblyfkontrak, alternatiewelik by ondertekening van die Huisreëls, alternatiewelik deur die blote feit dat hulle verblyf in Sonop aanvaar, tot die bepalings van hierdie Dissiplinêre Kode, sowel as die Huis- en Ordereëls.
- 3.2 ’n Afskrif van die Huisreëls en van hierdie Dissiplinêre Kode moet op Sonop se webwerf vertoon word, en moet afskrifte op aanvraag aan Huislede en aan Huislede se ouers en belanghebbendes verskaf word deur die Huiskomitee en die Koshuishoof.
- 3.3 Die Dissiplinêre Kode word jaarliks in hersiening geneem deur die Sonopraad by sy laaste vergadering van ’n bepaalde jaar, sodat as veranderinge aan die Dissiplinêre Kode aangebring word, dit in werking gestel kan word vanaf die daaropvolgende akademiese jaar.
4. **SAMESTELLING VAN DIE DISSIPLINERE KOMITEE :**
- 4.1 Die Dissiplinêre Komitee word soos volg saamgestel :
- 4.1.1 Die Koshuishoof, of as hy nie beskikbaar is nie ’n verteenwoordiger van die Sonopraad wat deur die Sonopraad aangewys mag word, alternatiewelik ’n Koshuishoof van ’n Universiteitskoshuis wat aangewys mag

word deur die Sonopraad of deur die Koshuishoof van Sonop;

4.1.2 Die Primarius van Sonop ;

4.1.3 Die HK lid van Sonop belas met dissipline;

4.1.4 Die beskikbare Huiskomiteelede van Sonop.

4.2 Die Huiskomiteelid vir Dissipline moet 'n verkose Huiskomiteelid wees, maar mag die betrokke Huiskomiteelid vir Dissipline ook 'n addisionele portefeulje op die Huiskomitee beklee as bloot dissiplinêre aangeleenthede, en moet hy verkieslik 'n regstudent wees.

4.3 Die amptelike verpligtinge van die HK-lid vir dissiplinêre aangeleenthede mag delegeer word aan 'n ander Huiskomiteelid vir 'n besondere sessie van die Dissiplinêre Komitee.

4.4 Die Koshuishoof is die Voorsitter van die Dissiplinêre Komitee, en mag hy slegs vervang word deur 'n lid van die Sonopraad of deur 'n Koshuishoof van die Universiteit van Pretoria as Voorsitter van die Dissiplinêre Komitee.

5. **MAGTE EN VERPLIGTINGE VAN DIE HK-LID VERANTWOORDELIK VIR DISSIPLINE :**

5.1 Die HK-lid vir Dissipline is verantwoordelik vir die plasing van alle relevante getuienis en dokumentasie voor die Dissiplinêre Komitee, en tree op as aanklaer.

5.2 Die HK-lid vir dissipline :

5.2.1 ondersoek alle klagtes wat aan hom rapporteer word met betrekking tot dissiplinêre aangeleenthede;

5.2.2 besluit in konsultasie met die Koshuishoof en die Primarius van die koshuis, nadat 'n aanklag ondersoek is, of 'n persoon aangekla gaan word of nie;

5.2.3 reël, in konsultasie met die Koshuishoof en die Huiskomitee die samestelling en sitting van die sessie van die Dissiplinêre Komitee;

5.2.4 bedien op die beskuldigde die nodige aanklag en dokumentasie rondom die aanklag;

(WEERGAWE 1/4/2014)

- 5.2.5 stel 'n klagstaat op waarin die bewerings en aanklagte teen 'n Sonopper uiteengesit word en maak dit beskikbaar aan die beskuldigde;
- 5.2.6 sien toe dat dissiplinêre maatreëls en strawwe wat deur die Dissiplinêre Komitee voorgeskryf word uitgevoer word;
- 5.2.7 vorder alle boetes in namens die Huiskomitee;
- 5.2.8 hou 'n volledige rekord van alle dissiplinêre aangeleenthede en strawwe wat afgehandig word.
- 5.2.9 Stel na elke dissiplinêre verhoor die Sonopraad in kennis van die aard en omvang van die oortreding wat plaasgevind het, die naam van die partye betrokke, die uitslag van die dissiplinêre verhoor, en sal dan ook die ouer van die student skriftelik in kennis stel daarvan.

6. **MAGTE EN VERPLIGTINGE VAN DIE KOSHUISHOOF MET BETREKKING TOT DISSIPLINERE AANGELEENTHEDE :**

- 6.1 Indien die Koshuishoof en/of Sonopraadsvoorsitter op redelike gronde glo dat 'n Sonopper (insluitende 'n HK-lid) skuldig is aan ernstige wangedrag wat sy tydelike skorsing uit die Tehuis regverdig, hangende die afhandeling van 'n dissiplinêre ondersoek, moet die Koshuishoof en/of Sonopraadsvoorsitter so gou as moontlik in konsultasie met die Voorsitter van die Sonopraad en die Primarius 'n besluit neem of die betrokke Sonopper tydelik geskors word, en moet die Voorsitter van die Sonopraad en die Koshuishoof en/of Sonopraadsvoorsitter en die Primarius dan die betrokke Sonopper en die Huiskomitee van hulle besluit in kennis stel. In so 'n geval moet die betrokke student onmiddellik die koshuis verlaat nadat die besluit bekend gemaak is.
- 6.2 Die Koshuishoof en/of Sonopraadsvoorsitter moet dan so spoedig moontlik 'n sessie van die Dissiplinêre Komitee saamroep wat dan die skorsing tersyde kan stel of kan verleng, of geskikte dissiplinêre maatreëls kan instel in terme van hierdie Dissiplinêre Kode.
- 6.3 Die Koshuishoof en/of Sonopraadsvoorsitter verwys sensitiewe klagtes, of klagtes met betrekking waartoe die Koshuishoof en/of Sonopraadsvoorsitter van oordeel is dat die Huiskomitee of die

Huiskomiteelid vir dissiplinêre aangeleenthede versuim om 'n Sonopper te vervolg wat volgens hom behoort vervolg te word, na die Sonopraadsvoorsitter wat met die betrokke klagte sal handel soos in paragraaf 14 hieronder uiteengesit wat handel oor sensitiewe klagtes.

- 6.4 Die Dissiplinêre Komitee het geen jurisdiksie oor aangeleenthede wat die Koshuishoof besluit om na die Sonopraad Voorsitter te verwys in terme van paragrawe 6.3 en 14 hieronder nie.
- 6.5 Indien 'n HK-lid beskuldig word van wanbedrag, mag die Koshuishoof en nadat die beskuldigde in kennis gestel is van die klagte teen hom, en die geleentheid gehad het om daarop te reageer, die beskuldigde van sy of haar verpligtinge as HK-lid onthef of vrystel hangende die uitslag van 'n dissiplinêre ondersoek soos bedoel word in paragraaf 14 hieronder met betrekking tot sensitiewe klagtes.
7. **JURISDIKSIE VAN DIE DISSIPLINERE KOMITEE :**
- 7.1 Die Dissiplinêre Komitee het geen jurisdiksie ten opsigte van 'n saak wat die Koshuishoof besluit het om te verwys na die Voorsitter van die Sonopraad in terme van paragraaf 14 hieronder.
- 7.2 Die dissiplinêre bevoegdhede van die Dissiplinêre Komitee is beperk tot oortredings van die Huis- en Ordereëls van Sonop Tehuis.
- 7.3 Die Dissiplinêre Komitee mag alle aangeleenthede bereg voortspruitend uit die Huisreëls in die mate dat dit versoenbaar is met die Reëls van die Dissiplinêre Kode.
- 7.4 Nieteenstaande die voorgaande sal klagtes teen 'n Huiskomiteelid buite die jurisdiksie van die Dissiplinêre Komitee val, en sal dit hanteer word soos in paragraaf 14 hieronder uiteengesit word.
8. **MAGTE EN BEVOEGDHEDE VAN DIE DISSIPLINÊRE KOMITEE :**
- 8.1 Die Dissiplinêre Komitee is bevoeg om die volgende strawwe op te lê, of 'n kombinasie daarvan :
- 8.1.1 'n Boete van nie meer as R300-00 per aanklag, welke bedrag van tyd tot tyd aangepas mag word deur die Sonopraad. 'n Student mag van meer as een aanklag aangekla word, en aan meer as een aanklag skuldig bevind word, in welke geval kumulatiewe boetes opgelê mag word.

(WEERGAWA 1/4/2014)

- 8.1.2 'n Finale waarskuwing;
  - 8.1.3 Die ontheffing van 'n persoon uit sy amptelike posisie wat die persoon in die Tehuis mag beklee.
  - 8.1.4 Tydelik voorregte opskort wat 'n huislid mag hê in die Tehuis;
  - 8.1.5 'n Huislid beveel om te betaal vir of skade te herstel wat deur sy gedrag aangerig is;
  - 8.1.6 Die uitsetting van die persoon uit die Tehuis uit;
  - 8.1.7 Redelike en geskikte gemeenskapdiens oplê tot 'n maksimum van 50 uur in die koshuis onder die toesig van die Koshuishoof of die Huiskomitee.
- 8.2 Die bepalings van paragraaf 8.1 moet gelees word in samehang met die Huisreëls waarvan hierdie dokument 'n bylaag vorm, en moet verder saamgelees word met die riglyne wat in paragraaf 16 uiteengesit is vir watter strawwe by watter misdrywe pas.
  - 8.3 Enige gedrag deur 'n huislid wat neerkom op minagting van die dissiplinêre prosedure of die strawwe wat opgelê is deur die Dissiplinêre Komitee sal beskou word as minagting van die Dissiplinêre Komitee wat verwys sal word na die Sonopraad vir verdere optrede. Sodanige gedrag mag tot tydelike of permanente skorsing deur die Sonopraad lei van 'n huislid.
  - 8.4 Alle inwoners is onderworpe aan die bevoegdheid van die Dissiplinêre Komitee en die weiering van enige huislid om hom te onderwerp aan die Dissiplinêre Komitee sal verwys word na die Sonopraad en sodanige gedrag mag tydelike of permanente skorsing van 'n huislid deur die Sonopraad regverdig.
  - 8.5 Die Dissiplinêre Komitee sal 'n rekord hou van alle klagtes wat teen huislede gebring word sowel as alle dissiplinêre maatreëls wat ingestel en teen huislede geneem word. Hierdie rekords moet gesertifiseer word deur die Voorsitter van die Dissiplinêre Komitee en moet ter insae beskikbaar gehou word vir alle partye betrokke.

9. **MAGTE VAN DIE HUISKOMITEE** :

Die dissiplinêre magte van die Huiskomitee word afgedwing deur die Dissiplinêre Komitee.

(WEERGAWE 1/4/2014)

10. **PROSEDURES VAN DIE DISSIPLINERE KOMITEE :**

- 10.1 Onderworpe aan paragrawe 6 en 14 van hierdie dokument word alle klagtes van dissiplinêre aangeleenthede ingehandig by die betrokke Huiskomiteelid vir dissipline, wat ooreenkomstig klousule 5 optree.
- 10.2 Die Huiskomiteelid belas met dissipline moet skriftelik kennis gee aan 'n huislid om voor die Dissiplinêre Komitee te verskyn, en moet die skriftelike kennisgewing en klagstaat aan die huislid oorhandig word nie minder nie as drie dae voor die sitting van die Dissiplinêre Komitee.
- 10.3 Die prosedure gedurende die sessie van die Dissiplinêre Komitee moet te alle tye voldoen aan die Reëls van natuurlike geregtigheid en in die besonder in ooreenstemming wees met die *audi alteram partem* reël (beide kante van die saak moet aangehoor word).
- 10.4 Die ondersoek is inkwisitories. Die Voorsitter van die Dissiplinêre Komitee en ander lede van die Dissiplinêre Komitee mag te alle tye vrae vra om hulleself op hoogte bring en tevrede te stel van feite. Die prosedure is 'n informele prosedure, en geld die reëls van die Bewysreg en die Prosesreg nie, en kan die Voorsitter die prosedures en ordes reël soos wat hy goed dink.
- 10.5 Die HK-lid vir dissipline mag met die toestemming van die Voorsitter van die Dissiplinêre Komitee die beskuldigde kruisvra en die getuienis van getuies lei.
- 10.6 Dispute voor die Dissiplinêre Komitee word beslis op 'n oorwig van waarskynlikhede, en nie bo redelike twyfel nie. Opset hoef nie by enige oortreding van 'n Huisreël of instruksie of verbod van die Huiskomitee, die Koshuishoof, die Sonopraadsvoorsitter of die Sonopraad bewys te word nie, en is 'n nalatige verbreking van 'n Huisreël of 'n verbod wat opgelê is of 'n reël wat gemaak is voldoende om 'n skuldigbevinding daar te stel.
- 10.7 Besluite van die Dissiplinêre Komitee word geneem by wyse van 'n meerderheidsbesluit. Indien die stemming gelyk is het die Voorsitter van die Dissiplinêre Komitee 'n beslissende stem.
- 10.8 Die bevinding en uitspraak van die Dissiplinêre Komitee word bekend gemaak deur die Voorsitter van die Dissiplinêre Komitee of die Koshuishoof of die Primarius.

(WEERGAWE 1/4/2014)



10.9 As 'n student skuldig bevind word deur die Dissiplinêre Komitee moet die besonderhede van die klagte en die dissiplinêre maatreëls wat geneem is aan die Voorsitter van die Sonopraad gerapporteer word.

## 11. **APPÈLPROSEDURES** :

11.1 'n Beskuldigde, die Koshuishoof en ook die HK-lid vir Dissipline wat as aanklaer optree vir die Dissiplinêre Komitee het al drie die reg tot outomatiese Appèl teen enige bevinding van die Dissiplinêre Komitee.

11.2 Indien die bevinding of vonnis of die dissiplinêre maatreël waarop die Dissiplinêre Komitee besluit het in dispuut geplaas word deur 'n student, kan 'n Appèl aangeteken word by die Sonopraadvorsitter op voorwaarde :

11.2.1 dat die Appèl aangeteken word binne sewe kalenderdae na die toestaan van vonnis deur die Dissiplinêre Komitee; en

11.2.2 dat die Appèl skriftelik aangeteken word, met 'n verstrekking van volledige redes en die gronde waarop die Appèl gebaseer is.

11.3 Die Voorsitter van die Sonopraad verwys die Appèl na 'n Appèl Tribunaal van twee of drie lede wat aangewys word deur hom.

11.4 Die Appèl Tribunaal moet bestaan uit 'n senior praktiserende prokureur met minstens 10 jaar ervaring of 'n advokaat, verkieslik 'n senior advokaat, met minstens 10 jaar ervaring as advokaat. Alle Tribunaallede mag Sonopmaatskappy lede wees maar die Sonopraadvorsitter mag ook nie-maatskappy lede of ander persone as oud-Sonoppers as Tribunaallede aanwys.

11.5 Die Appèl Tribunaal kan in sy eie diskresie besluit of dit mondelinge of slegs skriftelike betoog wil aanhoor en/of dit verdere inligting wil inwin of navrae wil rig.

11.6 In geval van 'n Appèl soos bedoel in paragraaf 11.2 hierbo, moet die Tribunaal na oorweging van die gronde van Appèl en na navrae en inligting ingewin is van die Dissiplinêre Komitee :

11.6.1 die besluit van die Dissiplinêre Komitee bekragtig; of

- 11.6.2 die besluit van die Dissiplinêre Komitee wysig; of
  - 11.6.3 die besluit van die Dissiplinêre Komitee wysig en 'n gepaste straf oplê wat geoordeel word reg en billik is.
- 11.7 Die beslissing van die Tribunaal is finaal en bindend op die partye en handel die aangeleentheid af.

12. **REGTE VAN DIE BESKULDIGDE :**

- 12.1 Beskuldigdes wat opgeroep word om voor al die Dissiplinêre liggame te verskyn het die reg om bygestaan te word deur 'n geregistreerde student van die Universiteit van Pretoria wat woonagtig is in Sonop om hom in sy voorbereiding en voer van sy saak voor die Dissiplinêre Komitee by te staan.
- 12.2 'n Beskuldigde word geag onskuldig te wees totdat die teendeel bewys is op 'n oorwig van waarskynlikhede. (Sien egter paragraaf 10.6 hierbo.)

13. **LOCUS STANDI :**

- 13.1 Enige persoon mag 'n klag aanhangig maak teen 'n huislid, mits dit skriftelik gedoen word, welke klag gelê mag word by 'n HK-lid vir dissipline of by die Koshuishoof met 'n versoek dat die klag ondersoek moet word en bereg moet word deur die Dissiplinêre Komitee, of in geval van sensitiewe sake deur die Sonopraad self, soos bedoel word in paragraaf 14.
- 13.2 Die Huiskomiteelid vir dissipline of die Koshuishoof of enige Sonopraadslid mag uit eie oorweging 'n klag lê by die Dissiplinêre Komitee vir hulle oorweging teen 'n Huislid.
- 13.3 Die Sonopraad Dissiplinêre Komitee sowel as die Dissiplinêre Appèl Tribunaal van die Sonopraad is geregtig om enige persoon wat weier en/of versuim om voor enigeen van die drie liggame te verskyn in sy afwesigheid te verhoor, en in sy afwesigheid 'n beslissing of vonnis oor hom te fel.

14. **SENSITIEWE KLAGTES :**

- 14.1 Die Koshuishoof, en die Sonopraadsvoorsitter het die bevoegdheid om te enige tyd enige sensitiewe klagte van watter aard ookal,

insluitend, maar nie beperk nie tot onder andere wangedrag deur Huiskomitee lede, drankmisbruik, seksuele wangedrag, rassisme, vandalisme, ontoelaatbare inlywingspraktyke, of onaanvaarbare gedrag teenoor eerstejaars, onbetaamlike gedrag teenoor lede van die publiek, oneerlikheid, enige misdryf of ander gedrag wat skadelik vir die beeld van Sonop is na hulle keuse hetsy te verwys na die Dissiplinêre Komitee vir ondersoek en dissiplinêre vervolging, of na 'n Komitee van drie lede van die Sonopraad self wat deur die Sonopraadsvoorsitter aangewys word, welke Komitee dan sal funksioneer en sal optree as die Sonopraad Dissiplinêre Komitee.

- 14.2 Die Koshuishoof sal *mutatis mutandis* by die sitting van die Sonopraad Dissiplinêre Komitee dieselfde verpligtinge en bevoegdhede hê as wat die HK-lid vir Dissipline het soos in paragraaf 5 hierbo uiteengesit, en sal die prosedures van die Sonopraad Dissiplinêre Komitee *mutatis mutandis* dieselfde wees as die prosedures van die Dissiplinêre Komitee soos beskryf word in paragraaf 10 en 11 hierbo.
- 14.3 Die Sonopraad Dissiplinêre Komitee kan die strawwe oplê waarna verwys word in hierdie Dissiplinêre Kode of kan enige ander gepaste straf oplê wat hulle goed dink, met inagneming van wat in die belang van geregtigheid is, en van wat in die belang is van Sonop Christelike Tehuis en die Universiteit van Pretoria.
- 14.4 Die Appèlprosedures wat uiteengesit word in paragraaf 11 hierbo geld met *mutatis mutandis*, met ander woorde het 'n beskuldigde, en die Koshuishoof sowel as die Sonopraadsvoorsitter die reg tot 'n outomatiese Appèl teen enige bevindinge van die Sonopraad Dissiplinêre Komitee na dieselfde Appèl Tribunaal waarna verwys word in paragraaf 11 hierbo.
- 14.5 Ten einde aan die reëls van natuurlike geregtigheid te voldoen mag die lede van die Appèl Tribunaal nie ook een van die lede wees wat gesit het op die sitting van die Sonopraad Dissiplinêre Komitee nie, maar moet onbetrokke en onafhanklike persone aangewys word deur die Sonopraadsvoorsitter om op die Appèl Tribunaal te dien.

15. **oud-sonoppers en besoekers in sonop :**

- 15.1 Oud-Sonoppers of besoekers wat hulle op die perseel van Sonop skuldig maak aan enige vorm van dronkenskap, vandalisme of

(WEERGAWE 1/4/2014)

oortreding van enige Huisreëls van Sonop kan, indien hulle toestem tot die jurisdiksie van die Dissiplinêre Komitee, die Sonop Dissiplinêre Komitee en die Sonopraad se Appèl Tribunaal, *mutatis mutandis* vervolg word soos in hierdie Dissiplinêre Kode uiteengesit word.

- 15.2 Dit is die plig van elke Huislid, die HK, die Koshuishoof en die Sonopraad om alle Oud-Sonoppers en besoekers wat enige Sonopreël op die perseel van Sonop oortree, en wat hulle nie aan hierdie Dissiplinêre Kode wil onderwerp nie, sonder verwoyl krimineel te laat aankla by die Suid-Afrikaanse Polisie-dienste en te verseker dat sodanige persone strafregtelik vervolg word vir sy of haar vergrype, soos betreding, saakbeskadiging, aanranding (selfs in geval van verbale aanranding), *crimen iniuria*, openbare onsedelikheid, dronkenskap of wat ookal, en kan in gepaste gevalle siviele aksies ingestel word.

16. **DISSIPLINERE RIGLYNE :**

- 16.1 Die dissiplinêre maatreëls uiteengesit in die onderstaande tabelle is slegs riglyne, en strawwe mag opgelê word afhangende van die omstandighede van elke saak, soos wat dit as reg en billik beskou word.
- 16.2 Ingeval van ernstige wangedrag, alkoholmisbruik en sensitiewe misdrywe mag die Dissiplinêre Komitee en die Sonopraad Dissiplinêre Komitee nie opgeskorte strawwe oplê, behalwe in hoogs uitsonderlike gevalle, waar daar goeie versagtende omstandighede bestaan.

	<b>KLAG/OORTREDING</b>	<b>EERSTE OORTREDING</b>	<b>TWEEDE OORTREDING</b>	<b>DERDE OORTREDING</b>
1	<b>Minder ernstige oortreding</b> Vloek, Biljartsaalreëls, badkamerreëls, parkeerreëls, kombuisreëls, die maak van onnodige geraas, luidrugtige gedrag	<b>DK Verhoor</b> Boete : R20-00 tot R200-00  Waarskuwing	<b>DK Verhoor</b> Boete : R300-00  Finale waarskuwing  Brief aan ouers	<b>DK Verhoor</b> Uitsetting uit Tehuis  Brief aan ouers
2	<b>Wangedrag</b> Nie-betaling van boetes, kosgevegte, die skaad van die beeld van die Tehuis, disrespek teenoor bure en dames, disrespek teenoor die Koshuishoof, disrespek teenoor die Huiskomitee ens.	<b>DK Verhoor</b> Boete : R300-00  Finale skriftelike waarskuwing en aanbeveling vir uitsetting uit Tehuis  Brief aan ouers	<b>DK Verhoor</b> Uitsetting uit Tehuis  Brief aan ouers	
3	<b>Ernstige wangedrag</b> Dames wat oornag in kamers, rassisme, senior/eerstejaarstudent insidente, oneerlikheid, senior/tweedejaarstudente insidente, aanranding, diefstal, dwelm en alkohol-verwante gedrag en misbruik, vandalisme	<b>DK Verhoor</b> Boete : R500-00  Brief aan ouers  Tydelike uitsetting uit die Tehuis	<b>DK Verhoor</b> Uitsetting uit die Tehuis  Brief aan ouers	
4	<b>Gebruik van alkohol</b> Die aanhou en gebruik van alkohol op die terrein van Sonop is verbode uitgesonderd tydens georganiseerde funksies en op tye wat deur die Koshuishoof en die Sonopraad goedgekeur is	<b>DK Verhoor</b> Boete : R500-00	<b>DK Verhoor</b>  Uitsetting uit die Tehuis	

5	<p>(a) Sensitiewe misdrywe Soos bedoel in Klousule 14 van die Dissiplinêre Kode</p> <p>(b) Oud-Sonoppers oor wie jurisdiksie gevestig is</p>	<p><b>Sonopraad DK Verhoor Sien paragraaf 14.3 vir strawwe</b></p> <p>Boete : R5 000-00</p> <p>Verbod op deelname aan oud-Sonop aktiwiteite</p> <p>Verbod op betreding van Sonop se perseel</p>		
---	--	---	--	--

(WEERGAWE 1/4/2014)